

# OORWINTERING VAN SKAPE IN DIE SOMER REËNVALGEBIEDE VAN SUID-AFRIKA

## Dood-gerypte lusern as alternatief vir kleingrane

deur

Dr Louis du Pisani

### 1 INLEIDING

Kleingrane soos hawer, koring, korog en rog word jaarliks op groot skaal op droëlande in die somer reënvalgebiede van Suid Afrika aangeplant, veral vir die oorwintering van lammer-ooie. Kleingrane verskaf goeie voer vir lammer-ooie. Dit het egter twee probleme. Daar is 'n groot risiko dat dit nie voldoende hoeveelhede voer gaan verskaf nie en dit is duur om te verbou.

Die meeste boere se ervaring is dat "mis-oeste" eerder die reël as die uitsondering is. Een manier om dit teë te werk, is om soveel hektare as moontlik aan te plant. Dit stoot weer die koste op.

Een alternatief is om gewasse aan te plant wat in die somer groei (wanneer dit reën), waarvan die beskikbare weiding net so op die land bly staan en dan in die winter in die vorm van staande hooi bewei word. Dit sluit gewasse soos lusern, smutsvingergras, borseltjiegras en mielies in. 'n Ander alternatief is om, in plaas daarvan om die voer in die vorm van staande te gebruik, dit of in te kuil of te hooi. Dit sluit gewasse soos lusern, armmanslusern, smutsvinger- en oulandsgras, asook mielies en ander somergrane in.

### 2 LUSERN AS STAANDE HOOI

Die grootste voordeel van staande hooi is dat die voer in die somer, wanneer dit reën, geproduseer word. Dit verlig die probleem met die beskikbaarheid van die weiding. 'n Nadeel is egter dat die kwaliteit daarvan nie noodwendig op standaard is nie. Dit kan egter in meeste gevalle suksesvol met byvoeding reggestel word. Dit is altyd makliker en goedkoper om kwaliteit (met lekke) aan te vul as om kwantiteit (voer) aan te vul.

Lusern is bekend vir skaapvrektes as gevolg van skuimopblaas en blousuurvergiftiging. Lusern wat net so op die land gelos word om dood te ryp, kan bewei word sonder om bekommerd te wees oor vrektes. Dit verskaf hoë kwaliteit weiding, goeie melkproduksie en vinnige lammergroei. Geen addisionele lekke word benodig nie, moontlik net 'n aanvulling met grashooi om die energie vlakke te verhoog.

Daar is boere in die Middelburg-distrik (Oos-Kaap), wat hierdie praktyk al vir 'n geruime tyd toepas. Hulle boer met rasse soos SA Vleis Merino's en Dorpers, wat uiters vatbaar is vir opblaas en blousuur, sonder enige probleme of vrektes. Die een boer het toevallig op die praktyk afgekom. Sy dorpers het een winter deur die lusernland se draad gekruip en die doodgeryppte lusern begin vreet sonder dat enige vrektes voorgekom het. Hierdie boere pas die volgende praktyke toe:

- i Die laaste snysel van die seisoen word nie gesny en gebaal nie. Dit word net so op die land gelos. Die lusern moet sowat kniehoogte wees wanneer die eerste ryp voorkom.

Hoe korter die lusern is met die eerste ryp, hoe minder staande hooi sal beskikbaar wees en hoe minder diere sal gevoer kan word.

- ii Wag met die eerste beweiding totdat die toppe van die lusern behoorlik spierwit geryp is. Dan sal die gevaar van opblaas en blousuur heeltemal verby wees.
- iii Aanvanklik word wisselbeweiding toegepas (dit is die koue tyd wanneer dit nog gereeld ryp). Sodra dit warmer word en die lusern begin bot, word oorgeskakel na aanhoudende beweiding en word die weiding so kort moontlik gehou. As dit nie gedoen word nie, kry die lusern om langer as 5cm uit te groei en word daar dadelik opblaas- en blousuurprobleme ervaar.
- iv Die omgewing se klimaat bepaal wanneer die beweiding van die lusern gestaak moet word. In uifers koue omgewings met laat ryp, kan dit tot so laat as mid-Oktober bewei word.
- v Hierdie weidings-aanwending pas die beste in met 'n Maart-paarseisoen en Augustus-lamseisoen.
- vi 'n Drakrag van sowat 10 ooie/ha vir 60 dae is moontlik met droëlandse lusern en 45 ooie/ha vir 60 dae met besproeide lusern.
- vii Die cultivars SA Standaard en SA Select word aanbeveel. Beide cultivars is relatief dormant en ryp dus goed dood. **Bly weg van die sogenaamde nie-dormante lusern cultivars. Hierdie cultivars ryp nie behoorlik dood nie en kan opblaas en blousuur veroorsaak.**